

5 Julie

Skrifgedeelte: Hosea 1 en 3

God se onbegryplike liefde vir sondaars

'n Mens staan eenvoudig verstom voor die heilige God se liefde vir 'n sondaarmens. Die huwelik van die profeet Hosea met die prostituut Gomer is die spieël waarin ons dié liefde so duidelik raaksien.

God het Hom aan die volk verbind toe Abraham nog afgode aanbid het (Gen 12). In die taal van die gelese gedeeltes kan ons sê, toe hy 'n "prostituut" was. Hy versorg die volk (sy vrou) met groot liefde, maar die volk beantwoord nie sy liefde met wederliefde nie. Hulle verlaat Hom en trek by die afgode in. As 'n vrou dit met 'n man doen, kom die huwelik tot 'n einde in die egskeidingshof. Dit is egter nie hoe die Here optree nie. Hy gaan haal die volk daar by haar minnaars. Wat meer is: Hy koop haar terug. Uiteindelik betaal Hy 'n duur prys: die bloed van sy Seun (Joh 3:16). 'n Mens kan die Here los, maar Hy los nie sy kind nie.

Hy ken ook sy kinders. Daarom beskerm Hy hulle teen hulleself. As Gomer in die huis terug is, weet Hosea sy sal weer wil wegloop. Daarom perk hy haar in. Hy neem haar vryheid weg om te kom en te gaan soos sy wil. So gaan die Here ook die volk se vryheid wegneem. Hulle gaan in ballingskap weggevoer word en hulle sal nie meer na die tempel toe kan gaan nie. Hy doen die verskriklike dinge sodat die volk weer na Hom toe sal terugkom; sodat hulle Hom weer alleen sal aanbid. Omdat God jou liefhet, bring Hy ook in jou lewe 'n siekbed, 'n ongeluk of spanning. Hy doen dit nie om jou te vernietig nie. Hy doen dit om jou te red. Dit is liefde!

Sing: Psalm 40:3,6

Ds CS Grobler (Stellenbosch)